

'n Geloofsprong vir Christus



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Fil. 2:5-11; Matt. 4:18-20; Hand. 9:3-6 en verse 10-20; Johannes 21:15-19 en 1 Johannes 3:16-18.

Geheueteks:

“Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word” (*Filippense 2:5-7, NAB*).

Om die majesteit van die hemel prys te gee, om engele wat jou aanbid en die samesyn met die Vader agter te laat – wat 'n opoffering om te maak! Tog het Jesus na hierdie wêreld van lyding en dood gekom ten einde die Vader se liefdevolle karakter te openbaar, ook om die hart van die mens terug te wen en om ons vry te koop. “Die prys wat vir ons verlossing betaal is, sal nooit tot ons deurdring nie. Eers wanneer die verlostes saam met die Verlosser voor die troon van God staan, sal ons dit besef. Op daardie oomblik – met die majesteit van ons ewige tuiste wat die sintuie oorval en meevoer – sal ons onthou dat Jesus al hierdie dinge ter wille van ons agterweë gelaat het, en dat hy nie net die hemelhowe as 'n ontheemde verlaat het nie, maar dat Hy boonop bereid was om die gevare [van so 'n sending] te trotseer – die moontlikheid van mislukking en ewige verlies. Dan sal ons ons krone afhaal en aan sy voete neerwerp, en 'n lied aanhef: ‘Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof’ (*Op. 5:12, OAB*)” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 131). Die prys wat Jesus vir ons verlossing betaal het, is onberekenbaar groot. Om op die Heiland se leiding te reageer en sy voorskrifte te gehoorsaam, en om by Hom aan te sluit en ter wille van die koninkryk uit te reik na diegene wat besig is om verlore te gaan, vereis opoffering. Hoewel ons opofferings in geen opsig met Syne vergelyk kan word nie, verg sieleredding 'n geloofsprong. Dit was 'n geloofsprong vir Christus, en dit is vir ons 'n geloofsprong vir Christus. Dit neem ons uit ons gemaksones, die onbekende in. Soms vra die Here ons om opofferings te maak. Tog is die vreugdes wat Hy ons belowe veel groter as daardie opofferings.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 26 September.*

Jesus se selfopofferende liefde

Die apostel Paulus sê dat die gesindheid van Christus in ons moet wees, m.a.w. dat ons in dié verband ontvanklik moet wees, dat ons daardie gesindheid in ons lewens moet toelaat. Dit lei natuurlik tot 'n aantal fassinerende vrae. Watter gesindheid hét Jesus gehad? Deur watter gedagtes het Hy Hom laat lei? Wat was sy denkwysie in 'n neutedop?

Lees Filippense 2:5-11. Hoe toon hierdie verse die kern van Christus se denkwysie, asook die beginsels wat beslag en rigting aan sy lewe gegee het?

Jesus was nog altyd een met God. Paulus gee uiting aan hierdie ewige waarheid wanneer hy sê: “Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie” (*Fil. 2:6, OAB*). Die Koine-Grieks wat hier as “gestalte” vertaal word, is die woord *morphē*; en kan met die Afrikaanse sinsnede “in wese” of “wesenlik” vergelyk word. As twee dinge wesenlik ooreenstem, beteken dit dat hulle in werklikheid gelykwaardig is. The SDA Bible Commentary stel dit soos volg: “Dit plaas Christus op gelyke voet met die Vader, en stel Hom vêr bo enige ander magte en kragte. Paulus lê hierop klem, en teken so 'n duideliker prentjie oor die verreikende aard van die vernedering wat Christus [deur sy vleeswording] aanvaar het” (*Volume 7, bl. 154*). Met verwysing na sy ewige aard, skryf Ellen G. White in dié verband: “In Christus is lewe – die oorspronklike soort – eerstehands, en nie lewe uit ander lewe nie” (*The Desire of Ages*, bl. 530).

Jesus, wat van ewigheid af die Vader se gelyke was en steeds is, “het Homself verneder” (NAB), oftewel “het Homself ontledig” soos die OAB dit stel (en wat inderdaad ook nader aan die oorspronklike *Koine*-Grieks is). Jesus het Hom vrywilliglik “leeggemaak” van die voorregte, en van die dinge waarop Hy as God se gelyke geregtig was, sodat Hy as mens gebore kon word om in diens van die mensdom te staan. As 'n dienskneg (of selfs die NAB se veel sterker “slaaf”) het Hy die liefde van God as 'n ewige beginsel aan die ganse heelal kom toon, totdat Hy uiteindelik die hoogste uitdrukking van daardie liefde aan die kruis gegee het. Hy het sy lewe gegee om ons lewens vir ewig te red. Selfopofferende liefde is die kern van Jesus se denkwysie. Om Jesus te volg, beteken dat 'n mens liefhet soos Hy liefgehad het. Jy dien soos Hy gedien het, en is bedieningsgeoriënteerd soos Hy was. Ons moet toelaat dat Jesus ons, deur die Heilige Gees, van selfsugtige ambisies ontledig. Hierdie ontlediging het wel 'n prys. Dit het Jesus immers alles gekos. Die Skrif sê egter dat Jesus vir sy groot opoffering beloon is: “Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is” (*Fil. 2:9, OAB*). Die hemel maak alle opofferings wat ons hier op aarde moet maak, meer as die moeite werd. Opofferings? Ja, dié gaan daar beslis op die geloofpad wees. Tog sal die vreugdes van ons diens aan God en die mens daarvoor opmaak. Wat meer is, die eindelose vreugde wat die ewige lewe saam met Christus bring,

Wanneer laas moes jy die eie-ek kruisig sodat Christus eerste kon kom? Let op jou antwoord. Wat sê dit vir jou oor wandel met God?

Die oproep tot oorgawe

Verbeel jou jy is Petrus of Johannes. Dit is dagbreek en die eerste sonstrale verdryf die nagkoue en verlig die pragtige Galilea. Al waaraan jy en jou makkers kan dink, is visvang. Julle wil soveel as moontlik vis vang. Die vangste is deesdae nogal goed, en jy en jou medevissers sien uit na 'n suksesvolle vangs. Dan gewaar jy Hom in die vroegoggendlig. Dit is Jesus van Nasaret wat aangestap kom. Op daardie oomblik besef jy nog nie dat jou hele lewe binnekort gaan verander nie. Om die waarheid te sê, dit sal nooit weer dieselfde wees nie.

Lees Matteus 4:18-20. Waarom dink jy was Petrus en Johannes bereid om hulle so radikaal tot Christus te verbind? Watter aanduiding het ons dat Jesus hulle hier tot 'n hoër doel as visvang geroep het?

Uit Johannes se Evangelie blyk dit dat hierdie mans meer as 'n jaar lank van Jesus bewus was voordat hulle hulle tot Hom en sy sending verbind het. Tog was hulle aangetrokke tot Hom. Dalk oor sy manier van optree, wat van bomenslike edelheid getuig het. Dalk was dit sy voorkoms of manier van praat, of dalk die dinge wat Hy gedoen het. Hoe dit ook al sy, iets in of aan Hom was vir hierdie Galileërs 'n teken dat hulle geroepe is. Die rede waarom hulle hul visserskuite en hul beroep verlaat het, waarom hulle die bekende ter wille van Jesus vir die onbekende verruil het, was omdat hulle die roeping tot 'n hoër strewe kon aanvoel. Hierdie doodgewone vissermanne het besef dat hulle vir 'n buitengewone doel geroep is. Dalk roep die Here jou nie om jou beroep of werk prys te gee nie. Die doel waartoe Hy jou wel roep, is egter ook buitengewoon: om van sy liefde en waarheid te getuig, en so sy Naam te verheerlik.

Let 'n bietjie op die roeping en oorgawe van die tollenaar, Matteus, in hoofstuk 9:9 van sy Evangelie. Wat is besonder merkwaardig in hierdie skrifgeedeelte?

Die tollenaars was dikwels uitbuiters en afpersers wat hul amp misbruik het om gewone mense te onderdruk. Hulle was van die mees gehate en veragte mense in die tyd toe Israel onder Romeinse beheer was. Uit Jesus se uitnodiging aan Matteus – “Volg My!” – kan 'n mens egter aflei dat hy geweet het wie Jesus was, en bes moontlik 'n geruime tyd reeds heimlik begeer het om die Heiland te volg. Toe die uitnodiging dus kom, was Hy gereed om ja te sê. Nietemin was hy verbaas dat Christus vir hóm – 'n tollenaar – as dissipel geroep het. In elkeen van ons is die hartsverlange na 'n meer betekenisvolle lewe. Net soos die tollenaar wil 'n mens eintlik grootse en hoër dinge – 'n edele doel – nastreef. So roep Christus 'n mens dan – net soos vir Matteus – om Hom te volg.

Dink net aan al die opofferings wat volgelinge van Jesus soms moet maak. Hoekom is dit op die lange duur altyd die moeite werd?

Paulus: God se gekose werktuig

Met Paulus se bekering het sy lewe 'n totale omwenteling ondergaan. Jesus het hom 'n splinternuwe toekoms gegee. Hy het Paulus uit sy gemaksonde geneem en het hom die soort ervarings gegee wat hy nooit te wagte was nie. Deur die leiding van die influisterende Gees het Paulus die woord van God aan derduisende mense regoor die Middellandse Seegebied verkondig. Sy getuienis het inderdaad die verloop van die kerk- en wêreldgeskiedenis verander.

Lees Handeling 9:3-6 en verse 10-20. Hoe blyk dit uit hierdie verse dat Jesus 'n hoër, Godgegewe doel met Paulus se lewe gehad het?

Jesus kies dikwels die soort mense om vir Hom te getuig wat ander waarskynlik van die hand sal wys. Dink net aan die mense wat Hy tydens sy aardse sending gekies het: die besetenes, die Samaritaanse vrou by die put, die prostituut, 'n tollenaar, Galilese vissermanne, en toe vir Paulus wat besig was om die destydse Christene met mening te vervolg. Al hierdie mense is egter deur genade verander. Daarna is hulle uitgestuur, en het oraloor oorgeloop van die dinge wat Christus in hul lewens vermag het. Geeneen het moeg geraak vir getuig nie. Oor die wonderbaarlike dinge wat Jesus vir hulle gedoen het, kon hulle beslis nie stilbly nie. Hulle moes eenvoudig die blye boodskap bring!

Vergelyk Handeling 28:28-31 met 2 Timoteus 4:5-8. Paulus het sy hele lewe aan Christus en die onverpoosde verkondiging van die evangelie gewy. Watter aanduiding het ons in hierdie skrifgedeeltes dat dit wel die geval was?

Aan die einde van sy lewe, terwyl hy onder huisarres in Rome was, bevestig Paulus sy doelwit: "Laat dit dan aan julle bekend wees dat die heil van God aan die heidene gestuur is, en hulle sal luister!" (*Hand. 28:28, OAB*). Uit die Nuwe Testament blyk dit dat Paulus daar, in Rome tydens sy huisarres, elke besoeker ontvang het en ook aan hulle getuig het (verse 30 en 31). Net voor sy dood doen hy ook 'n beroep op Timoteus om sy evangelisasiewerk voort te sit. Paulus kon dus met reg sê: "Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou" (*2 Tim. 4:7, OAB*). Hoewel ons roeping dalk nie so dramaties soos Paulus s'n is nie, roep die Here ook vir jou en my om deel te neem aan sy transformasiewerk in die mens. Ten spyte van al die swaarkry wat hy oor die jare heen beleef het (lees 2 Kor. 11:25-30), het Paulus duidelik getrou aan sy roeping in die Here gebly. Sy verhaal – van hoe iemand wat voorheen die volgelinge van Jesus vervolg het uiteindelik, naas Jesus, die mees invloedryke en mees konsekwente voorstander van die Christelike geloof geword het – bly 'n kragtige getuienis dat God groot dinge kan vermag deur enigeen wat sy of haar lewe aan die werk van die Here wy.

Wat Liefde van ons vra

Die liefde sit altyd om in 'n handeling – m.a.w. dit word altyd uitgeleef. Ons liefde vir Christus noop ons om iets vir die verloregeaande mensdom te doen. Paulus stel dit duidelik in sy tweede Sendbrief aan die Korintiërs, waar hy sê: “Want die liefde van Christus dring ons” (2 Kor. 5:14, OAB). Christenskap gaan nie hoofsaaklik oor die opgee van verkeerde dinge sodat ons gered kan word nie. Jesus het nie verkeerde dinge prysgegee toe Hy die hemel verlaat het nie, en dit in 'n poging om gered te word nie. Nee, Hy het goeie dinge prysgegee sodat ander gered kan word. Jesus vra nie net dat ons ons tyd, talente en besittings vir die evangelie opoffer nie – maar ook ons lewens. Tydens 'n ontmoeting op die oewer van die See van Galilea in die vroegoggend-ure gee Jesus 'n briljante uiteensetting van die vereistes wat die liefde van Christus aan die gelowige stel.

Lees Johannes 21:15-19. Watter vraag het Jesus driemaal aan Petrus gestel, en wat was Petrus se respons telkens? Waarom het Jesus nou juis hierdie spesifieke vraag driemaal aan Petrus gestel?

Neem in ag dat Petrus die Meester driemaal verloën het. Let ook op die feit dat Jesus hier driemaal 'n liefdesverklaring by Petrus ontlok. Reg voor die ander dissipels bou Jesus weer Petrus se geloofsekerheid op. Die Meester wys vir hom dat hy inderdaad deur God vergewe is en dat Jesus steeds 'n nut vir Petrus in sy verlossingsending het.

Lees weer Johannes 21:15-19. Let dié keer veral op Jesus se respons op Petrus se hernieude liefdesverklarings. Wat het Jesus Hom aangesê om in respons op daardie liefde te doen?

Die liefde van God is nie passief nie, dit is aktief. Ware liefde is meer as net 'n lekker gevoel wat oor 'n mens spoel of 'n aangename idee wat by jou opkom. Dit verg toewyding, dat jy jou aktief daartoe verbind. Die liefde noop 'n mens om iets te doen. Dit bring jou sover om uit te reik na 'n sondige wêreld waarin die mens as kinders van die Here in groot nood verkeer. Toe Jesus vir Petrus gesê het, “Laat my lammers wei,” was dit 'n opdrag; maar ook trooswoorde met die doel om verlossingsekerheid te bring. Op hierdie liefde vir Hom was die Meester wel 'n respons te wagte. Terselfdertyd het Jesus vir Petrus ook sodoende moed probeer inpraat. Petrus het steeds 'n bepaalde rol gehad om in Christus se verlossingstaak te speel, ten spyte van sy uiters skandelike gedrag tydens Jesus se inhegtenisname toe hy driemaal ontken het dat hy vir Jesus ken, en dit boonop met kragwoorde beklemtoon het, presies soos Christus dit voorspel het. Wat is die punt hier? Dalk het jy as Christen gefaal in jou sending. Miskien het jy die Meester deur jou dade ontken, en boonop telkemale. Die goeie nuus is dat genade steeds vir jou beskikbaar is en dat die Here nog nie moed opgegee het met jou nie. Jy het steeds 'n rol te speel in die werk van die Here, as jy natuurlik bereid is om jou opnuut daartoe te verbind.

Liefde se oorgawe

Aan die einde van die gesprek tussen Jesus en Petrus sien 'n mens twee mans wat saam oewerlangs loop. Terwyl die water aanhoudend uitspoel en terugtrek, praat Jesus met Petrus oor die prys van dissipelskap. Petrus moet weet watter soort uitdagings en teëstand hy te wagte kan wees, siende dat hy Jesus se opdrag “om sy lammers te laat wei,” wil uitvoer.

Lees Johannes 21:18, 19. Wat het Jesus vir Petrus oor die prys van dissipelskap gesê? Waarom dink jy het Jesus sulke onrusbarende dinge aan Petrus bekend gemaak, en dit aan die begin van sy bediening as evangelis?

Hier voorspel Jesus die martelaarsdood wat Petrus eendag te beurt sou val. Hy sou inderdaad “sy hande uitsteek” en “vasgemaak word” – die dag dat hulle hom kruisig. Met hierdie onaangename openbaring stel Jesus eger vir Petrus voor 'n keuse. Hy kon die grootste vreugde in die lewe smaak deur siele vir die koninkryk te wen. Op Pinksterdag sou Hy die bekering van duisende mense kon beleef. Hy sou wonderwerke in Jesus se Naam kon verrig en sou die Meester voor duisende meer kon verheerlik. Die ewige vreugde van God se teenwoordigheid tydens daardie evangelisasiewerk, dit is wat hy te wagte kon wees. Tog sou hy 'n prys vir hierdie voorregte moes betaal. Dit sou opoffering van hom vereis, die grootste opoffering ooit – naamlik om sy lewe daarvoor te gee. Jesus vra dus hier dat Petrus hom nie blindelings tot dissipelskap moet verbind nie. Hy moet van die swaarkry en die pyn weet. Op daardie oomblik het dit tot Petrus deurgedring: die prys van deelname aan Christus se verlossingsending kan nooit ooit te hoog wees nie.

Lees 1 Johannes 3:16-18. Wat is Johannes se alternatief vir die idee dat liefde bloot 'n vae abstraksie is? Wat beskou Johannes as die grootste opoffering wat 'n mens ter wille van die liefde kan maak?

In die hiernamaals sal geen van die opofferings wat ons op aarde moes maak na veel lyk nie. Die tyd en moeite wat ons aan die werk van Christus bestee het, ganse lewens wat daaraan gewy is – ons sal agterkom dat ons uiteindelijke beloning al hierdie dinge verreweg oortref. Wat 'n vreugde is dit net nie om die liefde uit te leef nie, om van goeie bedoelings tot oorgawe oor te gaan. Wanneer 'n mens op die liefde van Christus reageer deur absoluut alles aan Jesus en sy sending oor te gee – deur met naastediens en getuïenis, as 'n werktuig van Christus, na ander uit te reik – bereik jy jou lewensdoel en smaak jy die hoogste lewensvreugde op hemel en aarde. Soos Jesus tereg gesê het: “Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen” (*Joh. 13:17, NAB*). Die lewe se grootste vreugde en blywendste geluk kom wanneer 'n mens aktief die betekenis van jou lewe in sy volheid ontdek; en 'n mens ontdek dit deur die wyse waarop jy die liefde van Jesus asook die waarheid in sy Woord op aarde uitleef, en wanneer jy hierdie dinge tot eer van die Here doen.

Vir verdere studie:

“Diegene wat as geestelike toesighouers oor die gemeente aangestel is, behoort maniere te vind om aan elke lidmaat die geleentheid te bied om [aktief] deel van die werk van die Here te wees. In die verlede is hierdie plig al te dikwels versuim. Duidelike planne is nooit beraam of behoorlik uitgevoer vir die inspan van almal se talente in diens [van God en die mens] nie. Bitter min gelowiges besef watter reuse terugslag dit [vir die werk van die Here] is. “Die leiers in God se evangelisasieplan moet soos wyse generaals optree – hulle moet ’n strategie beraam wat al die linies voorwaarts laat beweeg. In hul beplanning moet die leiers veral let op die werk wat leke onder vriende en bure kan doen. Die werk van die Here op aarde kan nooit volvoer word totdat elke kosbare lid hulle by daardie werk skaar nie. Hulle moet saamspan en al hul pogings by dié van predikante en kerkleiers voeg. “Sieleredding onder sondaars vereis daadwerklike en persoonlike inspanning. Ons moet die lewenswoord tot by die mense neem en nie wag tot hulle na ons toe kom nie. Ai, as ek tog net die woorde kon vind om lidmate begeesterd te kry, om hulle tot aktiewe en onverpoosde sieleredding aan te spoor! ’n Kort tydjie is al wat ons [vir hierdie werk] het. Ons staan op die grense van die hemelse Kanaän, en tyd om te verkwis, dié het ons nie. Elke lieve oomblik is ’n gulde geleentheid en is heeltal te kosbaar om aan blote eiebelang af te staan. Wie [van ons] gaan die Here opreg soek, by Hóm krag en genade kry om sy getroue werkers in die sendingveld te wees? “Elke gemeente het lidmate met talente – talente wat met die regte soort inspanning ontwikkel kan word en uiteindelik ’n groot hupstoot aan hierdie werk kan gee. Wat ons gemeentes nou vir ware groei benodig, is die goeie werk van wyse evangeliewerke, om lidmate se talente raak te sien en dit te ontwikkel. Daardie talente moet evangeliewerke rig en as instrumente vir die Meester inspan” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 9, bl. 116, 117).

Vrae vir bespreking:

1. Wat is die hoofgedagte in die bogenoemde Ellen G. White-aanhaling? Watter impak kan dit op jou getuienis vir Christus asook jou gemeente se evangelisasiepogings hê?
2. Hoe lyk ware liefde altyd wanneer dit uiting vind? Dink aan vervalsings van die liefde, m.a.w. vorms van die liefde wat eintlik niks met ware liefde te make het nie.
3. Bespreek die volgende in klastyd: die opofferings wat mens al vir die Here gemaak het, insluitende om hul lewens te verloor. Wat leer ’n mens uit al hierdie verhare?
4. Dink aan jou antwoord op die slotvraag in Sondag se les, oor die opofferings wat jy al vir Christus moes maak. Wat spesifiek moes jy al prysgee? Waarom het jy dit gedoen? Was (of is) dit na jou mening die moeite werd? Hoe kan jy die aard van, en rede vir, daardie opofferings aan ’n nie-Christen verduidelik?